
## 441 Ster in donker nagte




By U is ek veilig, U gee krag en moed,
U het my geheilig met u Heilandsbloed
en my diepgegriefde hart van skuld bevry;
hoop, geloof en liefde: U is al vir my!

Daarom hier benede loop ek stil my baan,
totdat ek in vrede Sionspoort ingaan;
daar met eng’le juig ek, onuitspreeklik bly;
ewig Heer, betuig ek: U is al vir my!

Kornelius F. Krummacher (1824-84) W. Pitts (1829-1903)